



higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT REISKANTOORPROSEDURES N5

(4021165)

**10 Junie 2021 (X-vraestel)
09:00–12:00**

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

286Q1J2110

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA
NASIONALE SERTIFIKAAT
REISKANTOORPROSEDURES N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
 2. Lees al die vrae aandagtig deur.
 3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
 4. Skryf jou EKSAMENNOMMER op die voorblad van die ANTWOORDBOEK in die ruimte wat verskaf is.
 5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen. Geen punte sal vir antwoorde in potlood toegeken word nie.
 6. Skryf netjies en leesbaar.
-

AFDELING A: FINANSIËLE REKORDHOUDING**VRAAG 1**

Die volgende transaksies verskyn in die boeke van Rebeltoere vir Mei 2021:



DATUM	TRANSAKSIE
1	Die eienaar, R. Rebel, het haar kapitaal met R150 000 verhoog.
1	Verkoop twee retoerkaartjies van Johannesburg na Dubai op Emirates aan K. Bolwana. Die prys is R14 000 per kaartjie en sy betaal met 'n kredietkaart.
1	Koop drukkerink by Waltons uit kleinkas, R260.
3	Wissel 'n tjek vir lone, R500.
3	Betaal Telkom R2 500 met 'n besigheidstjek vir die besigheid se telefoon en W-Fi.
5	Ontvang R7 500 via EFO vanaf Pretty Things vir die huur van kantoorruimte.
8	Koerier 'n paspoort na 'n kliënt met DHL. Betaal R140 uit kleinkas.
8	Koop, melk, koffie, tee en suiker vir die personeel by Shoprite. Betaal met besigheidstjek, R3 600.
10	Verkoop 'n toerpakket met Trafalgar Toere aan J. Jonas. Ontvang 'n tjek vir R25 000.
12	R. Rebel wissel 'n tjek van R2 000 vir eie gebruik.
15	Die senior konsultant woon 'n vergadering in die stad by en betaal parkeergeld uit kleinkas, R30.
17	T. Thomas betaal vir motorhuur by Hertz met 'n kredietkaart. R800 per dag vir vier dae.
19	Dringende drukkerherstelwerk, R3 000 uit kleinkas.
20	Wissel 'n tjek vir kleinkas, R2 000.
20	Ontvang 'n tjek van Brick Kollege vir die betaling van hul rekening, R42 000.
23	Betaal aan Emirates die bedrag verskuldig vir aankope op 1 Mei.
23	Wissel 'n tjek vir lone, R1 000.
25	Koop drukkerpapier en koeverte met 'n tjek by Waltons, R4 700.
25	R. Rebel verhoog haar kapitaalbydrae met R50 000.
26	Stuur 'n geregistreerde brief via die poskantoor na S. Mawu. Betaal R80 uit kleinkas.
31	Verkoop 'n buskaartjie op Greyhound aan T. Tembo en ontvang R1 200 kontant.
31	Betaal R250 uit kleinkas vir swart penne en nuwe besigheidstempels by Waltons.
31	Wissel 'n tjek om die voorskotbedrag te herstel.


Die volgende kommissiestruktuur word gebruik:



Internasionale vliegtuigkaartjies	9%
Binnelandse vliegtuigkaartjies	7%



Reisversekering	5%
Toere, bus, spoor, akkommodasie	10%
Motorhuur	15%

Voltooi en sluit af/balanseer die volgende:

- 1.1 Kontantontvangstejoernaal met bykomende kolomme vir krediteure, kommissie ontvang en ontleding van ontvangste  **OPMERKING:** Geld is slegs op 10, 20 en 31 Mei 2021 gebank. Begin met kwitansienommer R22. (27)
- 1.2 Kontantbetalingsjoernaal met bykomende kolomme vir lone en krediteure; begin met tjeknommer C67 (22)
- 1.3 Kleinkasjoernaal met bykomende kolomme vir skryfbehoeftes en posgeld; begin met bewysnommer P46 (16)
- 1.4 Die kleinkasbedrag in die algemene grootboek met 'n saldo van R3 500 op 1 Mei 2021, wat ook die voorskotbedrag is (7)
[72]


VRAAG 2

Na vergelyking van die bankstaat en kontantjoernale van Rebeltoere, is die volgende bykomende inskrywings opgespoor:

- (a) Die bankstaat toon 'n kredietsaldo van R650 000.
- (b) Die bankrekening toon 'n debietsaldo van R50 000 op 30 April 2021.
- (c) Die totaal van die bankkolom in die kontantontvangstejoernaal op 30 April 2021 was R758 500. 
- (d) Die totaal van die bankkolom in die kontantbetalingsjoernaal op 30 April 2021 was R244 500.
- (e) 'n Debietorder van R15 000 ten gunste van Telkom vir die besigheidstelefoon en Wi-Fi is op die bankstaat gedebiteer.
- (f) Die volgende tjeks is nog nie vir betaling aangebied nie:
- | | |
|------|----------|
| C251 | R120 000 |
| C274 | R 74 035 |
- (g) 'n Kredietinskrywing op die bankstaat was vir 'n deposito van R40 000 wat deur Jonathan Jones via EFO direk in die bankrekening gedeponeer is. 
- (h) Die bank het R3 000 vir bankkoste teen die rekening gedebiteer.
- (i) Die volgende deposito's is met verloop van die maand deur kliënte gemaak en verskyn nie op die bankstaat nie:
- | | |
|----------|----------|
| T. Tiger | R100 000 |
| L. Lion | R32 535 |


- (j) 'n Debietorder vir die bedrag van R2 500 ten gunste van Vodacom vir die eienaar se selfoon is teen die bankrekening gedebiteer.
- (k) 'n Deposito wat deur Durbanville Mediclinic direk in die bankrekening gedebiteer is, verskyn nog nie in die joernaal nie, R45 000. 
- (l) Die bank het 'n tjek van J. Jantjies weens onvoldoende fondse teruggestuur, R52 000.
- (m) 'n EFO van R12 000 wat deur B. Bangiso gemaak is verskyn nog nie in die joernaal nie, maar is op die bankstaat gekrediteer.
- 2.1 Maak die aanvullende inskrywings in die kontantontvangste en kontantbetalingsjoernale (slegs die bankkolom). (11)
- 2.2 Pos die totale van die joernale na die bankrekening in die algemene grootboek van Rebeltoere en balanseer die bankrekening. (5)
- 2.3 Stel 'n bankrekonsiliasiestaat op 30 April 2021 op om die saldo van die bankrekening met dié van die bankstaat te rekonsilieer. (7)
- [23]


VRAAG 3

Gberuik die volgende verkeerde proefbalans van Rebeltoere wat op 31 Mei 2021 verskaf is, om die volgende op te stel: 

PROEFBALANS VAN REBELTOERE OP 31 MEI 2021



	DEBIET	KREDIET
BALANSSTAATAFDELING		
Kapitaal	550 000	
Trekkings	16 000	
Grond en geboue	200 000	
Voertuie	220 000	
Bank	143 000	
Kleinkas	3 000	
Debiteure	28 000	
Krediteure	38 000	
NOMINALE-REKENINGE-AFDELING		
Kommissie ontvang	152 000	
Rente ontvang	10 000	
Reklame	7 000	
Brandstof	11 000	
Versekering	10 000	
Herstelwerk	20 000	
Telefoon	25 000	
Lone	55 000	
Water en elektrisiteit	12 000	



3.1	Reggestelde proefbalans van Rebeltoere op 31 Mei 2021	(18)
3.2	Inkomstestaat van Rebeltoere vir die jaar geëindig 31 Mei 2021	(13)
3.3	Balansstaat van Rebeltoere op 31 Mei 2021 	(16)
		[47]

VRAAG 4




Voltooi die volgende sinne deur slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (4.1–4.8) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

- 4.1 Die brondokument wat in die debiteurejoernaal gebruik is, is 'n ...
- 4.2 Die brondokument wat in die krediteurejoernaal gebruik is, is 'n ...
- 4.3 'n ... is 'n maatskappy wat geld aan 'n onderneming skuld. 
- 4.4 'n ... is 'n maatskappy wat deur 'n onderneming geld geskuld word.
- 4.5 Wanneer 'n nuwe drukker vir die besigheid gekoop word, moet dit in die bankrekening en die ... aangeteken word.
- 4.6 Wanneer 'n nuwe lessenaar vir die besigheid aangekoop word, moet dit in die bankrekening en die ... -rekening aangeteken word.
- 4.7 Eienaarsbelang + laste = ... 
- 4.8 Wanneer 'n mat vir die kantoor aangekoop word, moet dit in die bankrekening en die ... -rekening aangeteken word.

(8 × 1) **[8]**

TOTAAL AFDELING A: 150

AFDELING B: BEGINSELS VAN DIE SUID-AFRIKAANSE REG**VRAAG 5**

- 5.1 5.1.1 Noem VYF vereistes, anders as die nakoming van formaliteite, wat maak dat 'n kontrak geldig is.  (5)
- 5.1.2 Noem VYF kontrakte wat op skrif moet wees om geldig te wees. (5)
- 5.2 Bespreek elk van die volgende vereistes vir die aanvaarding van 'n aanbod:
- 5.2.1 Die aanvaarding moet onvoorwaardelik wees.
- 5.2.2 Die aanvaarding moet binne die voorgeskrewe tydperk plaasvind. (2 x 2) (4)
- 5.3 Noem en verduidelik kortliks DRIE tipes feitelike dwalings ('mistakes of fact') wat gemaak kan word wanneer 'n ooreenkoms aangegaan word. (3 x 2) (6)
- 5.4 5.4.1 Definieer die term *handelingsbevoegdheid*. (2)
- 5.4.2 Verduidelik die handelingsbevoegdheid van 'n minderjarige deur te verwys na die ouderdomme 0 tot 7 jaar en 8 tot 17 jaar. (2 + 2) (4)
- 5.4.3 Noem VYF omstandighede, anders as statutêre uitsonderings, waar 'n minderjarige 'n kontrak mag aangaan. (5)
- 5.5 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (5.5.1–5.5.5) in die ANTWOORDBOEK te skryf. Gee 'n rede vir die antwoord.
- 5.5.1 'n Mens mag produkte verkoop wat nog nie bestaan nie.
- 5.5.2 Wanneer 'n selfoon in Suid-Afrika gekoop word, mag die koper in euro betaal. 
- 5.5.3 Die oorerwing wat 'n mens van 'n tante ontvang wat terminaal siek is, mag verkoop word.
- 5.5.4 Alle verkoopskontrakte moet op skrif wees.
- 5.5.5 Langhand-aflewering ('long-hand delivery') verwys na goedere wat van ander lande af ingevoer word. (5 x 2) (10)
- 5.6 Definieer die term, *kredietooreenkoms*. (2)
- 5.7 Verduidelik die term, *afkoelperiode*.  (3)
- 5.8 Lys VIER dokumente wat 'n kredietontvanger moet voorsien wanneer om krediet aansoek gedoen word. (4)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 50
GROOTTOTAAL: 200